

2018 LOGIX elite NUUS NEWS 1

Welkom!

Baie welkom by die heel eerste Logix Nuus, die ELITE nuusbron vir Stamboek deelnemers en vriende. Die nuusbrieff spreek 'n behoefte aan om telers en veeprodusente op hoogte te hou van gebeure wat hulle raak, om kennis uit te brei en deel te wees van die nuutste op die front van doeltreffende produksie.

Die nuusbrieff sorg ook dat die Logix familie van mekaar se doen en late te hore kom. Stamboek is trots daarop dat die eerste Nuusbrieff die lig sien en sien uit daarna om meer te deel in die toekoms. In hierdie eerste uitgawe stel ons die produksie streke en ons tegniese adviseurs aan julle bekend. Die Elite kompetisie is ook nou in volle swang. Lekker lees en gebruik die inligting tot u beste voordeel.

Dr Helena Theron is die redakteur van die nuusbrieff en enige idees of nuuswaardighede kan aan haar deurgegee word by helena@studbook.co.za, met onderwerp: Nuusbrieff.

GENIET DIT!

Japie van der Westhuizen
Waarnemende Hoofbestuurder

Syferfontein Bonsmaras (Foto: Helena Theron)



Inhoud

Inhoud	2
Kortliks	3
Die lojaliteit en vrygewigheid van Stamboek telers.....	3
Met 'n Enkel Stap in die Genomiese Era	3
Horse Champ – Die dinamiese nuwe skouprogram vir Perde	4
Korrekte parings in vleisbeeskuddes: www.SABeefBulls.com	5
Streeksnuus.....	6
Wes-Kaap: Chanelle Steenekamp	6
Oos-Kaap: Ruann Kruger	9
Wes-Vrystaat & Sentraal-Natal: Siebert Vermeulen.....	10
Vrystaat en Oos-Kaap: Gerdus de Klerk	11
Vrystaat: Rampie de Wet	12
Gauteng, Mpumalanga & KwaZulu-Natal: Thalia Brameld	13
Noord-Wes & Noord-Kaap: Dolf Cloete	14
Limpopo / Mpumalanga / Gauteng / Gedeelte van Noordwes / Oos Vrystaat / Noord Natal: Andries Riekert	15
Logix Elite-Melk kompetisie	21
Logix: Inleiding	22
Logix se Verwagte Inteling Berekening.....	24
Moeilike Kalwings	25
Kursusse en Byeenkomste	28
Elite Bulgroeitoetsklas.....	28
Vleisbeestelingskursus	29
Genetiese Dag, Royal Skou	30
EDE Suiweldag.....	30
Alfa 2018	31
Internet skakels.....	32

Kortliks

Dr. Japie van der Westhuizen

Die lojaliteit en vrygewigheid van Stamboek telers


Die spontane gebaar van Rasverteenwoordigers by Stamboek se Spesiale Algemene Vergadering wat op 23 Februarie 2018 gehou was, getuig van die lojaliteit en vrygewigheid van Stamboek se lede. Na 'n voorstel het verteenwoordigers eenparig besluit om vrywillige bydraes deur hulle lede, tot Stamboek se verpligtinge wat voortspruit uit die ooreenkoms met die LNR, te ondersteun. Die algemene riglyn waarop besluit is, is om R500 per registrerende kudde, te skenk. Die South Devon Telersgenootskap het die besluit een stap verder geneem deurskenkings namens elkeen van hulle lede te maak. Baie dankie vir die inisiatief!

Die reaksie van individuele telers is 'n ware bemoediging met heelwat telers wat meer gegee het as die voorgestelde bedrag. Ons wil graag u lojaliteit en vrygewigheid om by te dra in belang van u Vereniging, met dankbaarheid erken.

Met 'n Enkel Stap in die Genomiese Era

Die basis en kernbesigheid van Stamboek sentreer rondom doeltreffendheid en om 'n merkbare verskil aan die winsgewendheid van veeproduksie te maak. Die basis bly die noukeurige aantekening van inligting wat saak maak, naamlik alle dierinligting, insluitend herkoms en eienskappe wat 'n verskil sal maak aan sy of haar waarde as 'n teelouer. Om telers in staat te stel om die regte seleksiebesluite te maak, moet die vinger op die pols gehou word deur voortgesette navorsing en ontwikkeling. Die toepassing van die navorsingsprodukte maak egter eers regtig sin as dit gebruik kan word deur telers.

Genomic Breeding Value Predictions: Single Step method



Stamboek lewer reeds die afgelope drie jaar 'n Genomiese Seleksiediens aan melkbeestelers. Die vergelykbare basis waarop dit berus is moontlik, omdat Stamboek, namens plaaslike melkbeestelers, aan Interbull se Internasionale Genetiese Dienste deelneem en dus melkbulle se genetiese meriete as kuddevaders direk met dié van plaaslik geteelde bulle en koeie kan vergelyk. Direkte Genomiese Waardes (DGVs), op die skaal van enige ander land wat aan Interbull se diens deelneem, kan dus omgeskakel word na die Suid-Afrikaanse skaal toe om vergelykbaar te wees met ons eie diere se genetiese meriete. Die omgeskakelde DGVs word geïnkorporeer met die Logix BLUP teelwaardes, wat berus op die uitdrukking van gene in die Suid-Afrikaanse omgewing, op grond van die betroubaarheid van die beraming van die DGVs en BLUP teelwaardes. Met 'n baie kompeterende prys van R849 (BTW uitgesluit) per dier kan plaaslike melkbeestelers hulle jong bulletjies of vroulike diere se genomiese teelwaardes bekom, wat direk vergelykbaar is met die res van hulle kudde en ras se teelwaardes en wat op www.SADairyBulls.com aangedui word.

Vir vleisbeestelers was die daarstel van Stamboek se eie Genomies Verrykte Teelwaarde Voorspellings vir die Bonsmara en Beefmaster as die eerste twee rasse, 'n reuse stap. Die heel nuutste (maar beproefde) tegnologie in die voorspelling van Genomies Verrykte Teelwaardes, word toegepas. Die "Enkel Stap" Genomiese Verrykte Teelwaarde Voorspellings vir die genetiese meriete van die diere is geskoei op omvattende metodiek waar daar vanuit 'n enkele ontleding BLUP teelwaardes verkry word met insluiting van genomiese inligting. Die akkuraatheid van voorspelling van die genetiese meriete van diere word aansienlik hierdeur verhoog, veral vir eienskappe wat net op een van die geslagte gemeet kan word (soos melk of dogter vrugbaarheid), of wat eers laat in 'n dier se leeftyd gemeet kan word (bv. Lanklewendheid). Die koste vir deelname vir die verkryging van genomies verrykte teelwaardes, is R777 (BTW uitgesluit) per dier. Dit sluit ook ouerskapverifikasie in (vir diere wie se ouers ook gegenotipeer is), asook die dier se genotipe vir 'n hele aantal enkel-geen eienskappe. Stamboek sien uit daarna om binnekort hierdie diens uit te brei na al die ander rasse wat ook deel geneem het aan die "Beef Genomics Program" en waarvoor daar dus 'n voldoende aantal genotipes beskikbaar is vir die ontwikkeling van 'n Genomiese Genetiese Ontleding.



'n Haarmonster met duidelike follikels, waaruit die DNA geëkstraer word.



Horse Champ – Die dinamiese nuwe skouprogram vir Perde

In die perde-wêreld is daar streng vereistes vir skoue, waaraan voldoen moet word. Stamboek het skouer aan die wiel gesit deur wyd en sydeling met ieder en elk wat met die skou van perde te doen het, te konsulteer en sodoende die behoeftes vir 'n moderne, volwaardige rekenaar skouprogram die lig te laat sien. Die program, genaamd Horse Champ, laat inskrywings via die Internet toe en verifieer alle gegewens van die perde betrokke, deur dit te vergelyk met die inligting op Logix. Sodra die skou begin het, word alle aktiwiteite beheer, gemonitor, getabuleer, verwerk en gekontroleer. Verslae is ook onmiddellik beskikbaar en rekonsiliasie word gedoen wat die organiseerders, klubs en selfs die betrokke Telersgenootskap in staat stel om gemoedsrus te hê oor die verloop van die skou en die uitslae. Horse Champ het reeds die eerste toets geslaag tydens 'n onlangse skou van die Boerperde. Die werklike toets lê nou voor, waar die program parallel met die bestaande ou program getoets gaan word tydens die Saalperdgenootskap van Suid-Afrika se Kampioenskappe in Bloemfontein, 23-28 April 2018.

Korrekte parings in vleisbeeskuddes: www.SABeefBulls.com

Die Logix-gedrewe websisteem: www.SABeefBulls.com betree binnekort nuwe terrein met die uitbreidings wat gebruikers in staat stel om seleksies en soektogte te doen van diere wat aan eie of algemene teelddoelwitte voldoen en parings daar te stel wat inteling van nageslag sal beperk. Dit sal terselfdertyd sorg vir optimale bereiking van die gestelde genetiese doelwitte. Die ontwikkeling is reeds in 'n intensiewe toetsfase en die resultate is bo verwagting.

Intussen kan gebruikers steeds gratis gebruik maak van die kragtige soekfunksie en volledige inligting wat SABeefBulls.com bied. Die daarstel van sogenaamde "QR Codes" op die drie-generasie stambome en ander verslae, veral op veilingskatalogusse, verleen onmiddellike toegang tot die betrokke diere se inligting op SABeefBulls.com. Probeer dit gerus met 'n selfoon of tablet (gebruik 'n QR Code applikasie).



Links: Bertus en Rene Theron by Livestock Expo waar skoolkinders die waarde van suiwel leer, met Daneel Rousseau van Nedbank. Regs: Nuuskierige koeie kyk na die nuwe toerusting in hulle huis. (Foto's: Channele Steenekamp)

Streeksnuus



Foto: Chanelle Steenekamp

Wes-Kaap: Chanelle Steenekamp

Tel: 072 836 4108

E-pos: chanelle@studbook.co.za

Chanelle Steenekamp het aan die Stellenbosch Universiteit gestudeer en haar kundigheid lê in veral Suiwel- en vleisbees genetica, asook voeding, veebestuur en administrasie. Sy het reeds 5 jaar ondervinding en is in Belville gestasioneer. Bedrywe wat bedien word in haar streek is hoofsaaklik melkbeeste, maar ook melkbokke, vleisbeeste, kleinvee en perde. Daar is ook sowat 5 vleisbees plaasgroeitoetse wat hierdie seisoen afgesluit gaan word.

Melkbeeste

Groot nuus in die Kaap is dat ons aftel tot 'n dag Zero vir water, waar die krane gaan droogloop. Die boere moes al meer as 45% van hul watergebruik sny. Die melkaantekeninge siklus het middel Januarie afgeskop en ten spyte van die droogte en moeilike omstandighede lyk die boere se melk-data syfers baie goed. Die hoogtepunt van ons streek is dat daar 'n konstante vloeï van nuwe melkboere is wat begin deelneem aan SA Stamboek se internasionaal geakkrediteerde melkaantekening diens. Melkaantekening data kan in jou melkbestuursprogram op die plaas ingetrek word, sodat die koeie se melk samestellings waardes gesien kan word. Daardeur kan meer akkurate bestuursbesluitneming gedoen word, bv. vir 'n spesifieke laktasie groep, stadium van laktasie of kalf grootmaak proses. Skakel Chanelle Steenekamp 072 83 64 108 om jou by te staan met jou gesondheids- en bestuursverslag.

Die samewerking tussen Stamboek en die nuwe lab van Swift in Claremont is in volle werking. Die melkkissies word elke week op 'n roetine basis opgetel deur die laboratorium. Marico Adams is hulle nuwe tegnikus in die melkontledingsspan. By die lab toets hulle vars-melk, doen water-analises en mikro-produkte. Vir enige verdere navrae oor laboratorium-dienste, skakel Monique Visser 082 611 9061.



Foto's: Chanelle Steenekamp)

Telers van deelnemende rasse het hul diere se sterthare getrek vir die DGP (Dairy Genomics Project) en ons bedank almal wat bereid was oor die tydperk, sowel as Mirtelize van SA Holstein vir haar samewerking.



Links: Daar is boere in die Wes-Kaap wat skool-groepe ontvang op hulle plase en hulle leer van koeie en die suiwelbedryf. Op die foto is 'n skoolgroep by De Grendel, wat maandeliks sulke groepe verwelkom. As daar nog ander boere is wat skoolgroepe ontvang, skakel asseblief vir Chanelle sodat ons kan deel in hierdie inligtingsdae. Regs: Chanelle is ook betrokke by die Jersey Wes-Kaap Klub en help graag by die Jeugskou. (Foto's Chanelle Steenekamp)

Vleisbeeste

Vleisbeeskuddes het ook afgeskop met hul plaasgroeitoetse in die Wes-Kaap vir 2018. Hierdie toetse duur vir minstens 85 dae. Dit word op die plaas deur Chanelle afgesluit, waar die gemiddelde daaglike groei in die kontemporêre groepe bereken word om die genetiese vlakke van die diere te onderskei. RTU metings kan ook op die diere gedoen word om die vet verspreiding, marmering en oogspier oppervlak te bereken. Skakel Chanelle vir verdere navrae.

Chanelle dien haar derde jaar as seketaresse by die Angus Wes- en Suid-Kaap klub. Die klub het hul Opedag op 22 Maart 2017 by Jannie Kotze se plaas, De Panne, buite Moorreesburg gehou. Stamboek het as gasspreker opgetree en het oor Genomika en die SABeefBulls.com paringsprogram gepraat, sowel as oor dragtigheidstoetse by beeste. Vir verdere inligting kontak Jannie Kotze 083 651 9266.

'Back to Basics' Genetiese Dae

Genetiese Dae is suksesvol aangebied in die Kaap! Hierdie 'Back to Basics' Genetiese Dae was oor drie dae gehou, waar melkbees-, vleisbees- en kleinvee boere afsonderlik hul sessies bygewoon het. Oor die drie dae was 70 boere, semen maatskappye, die media en ook rolspeleers uit die bedryf teenwoordig. Die sessies het afgeskop met 'n in-diepte teoretiese sessie oor die geskiedenis van produksie-aantekeninge, waarna die huidige toepassings en tegnologiese toepassings bepaal was. Dit is gevolg deur 'n praktiese sessie waar elke kudde sy eie genetiese verslag kon deurwerk. Die volgende Genetiese Werkswinkel word by die Royal Skou in Natal gehou. Sien kursusse vir meer inligting.



Links: Deelnemers aan die Kleinvee kursus. Bo: Aanbieders van die 'Back to Basics' dae Chanelle Steenekamp, Helena Theron en Bernice Mostert. Regs: Deelnemers aan die Melkkursus.

Fotos: Links: Helena Theron; Bo: Veeplaas



Stellenbosch Universiteit het hul eerste Veekundige dag einde 2017 aangebied, waarna 120 veekundiges uit die bedryf genooi was. Die doel was om die navorsing wat plaasvind by die universiteit deur te gee aan die bedryf, sodat hul dit kan oordra aan die boere. Vroeër die maand het Dr Brink van Zyl, Prof Theo Kleynhans, Chanelle en die MPO Wes-Kaap ontmoet om strategie in plek te sit om navorsing vir melkboere te bevorder.

Chanelle Steenekamp was teenwoordig by die **Wes Kaapse Gesondheidsforum**, op 7 Februarie 2018, te Worcester. Dit is bygewoon deur talle rolspeleers in die industrie, nl. veeartse, veekundiges en bedryfs-organisasies. Besprekingspunte op die agenda was Veeartseny-strategie, siekte-aanmelding, Brucellosis model, vee- en wild interfase, entstof beskikbaarheid, identifikasie-, beweging- en ook die welsyn van diere.



Swart Angus beeste in die Oos-Kaap. (Foto Japie van der Westhuizen)

Oos-Kaap: Ruann Kruger

Tel: 082 7660 562

E-pos: ruann@studbook.co.za

Ruann Kruger is op Jeffreysbaai gestasioneer en het grootgeword op 'n wild- en beesplaas. Na sy studies by die Universiteit van die Vrystaat is hy vir 'n paar jaar terug plaastoe. Hy het ook vir 'n jaar in Amerika geboer voordat hy by Stamboek ingeskakel het. Hy het 'n Bonsmara stoet gehad en het ook 'n professionele jagters kursus voltooi. Sy belangstellings is hoofsaaklik vleisbeeste, maar hy het die laaste ruk baie van melkbeeste en melkstelsels geleer en vind dit baie interessant.

Daar is ongeveer 100 aktiewe vleisbeeskuddes in die Oos-Kaap waarvan 9 kuddes gereeld plaasgroei-toetse doen. Die eerste Bonsmara kudde wat al sy diere genomies laat toets het, is ook in die streek geleë. Daar is 45 aktiewe melkbeeskuddes wat hoofsaaklik elke 5 weke melk monsters neem. Die kuddes is almal hoofsaaklik weidingkuddes, maar moes as gevolg van die onlangse droogte omskakel na aanvullende voerstelsels toe. 'n Groot gedeelte van die melkbeeskuddes is in die Suid-Kaap geleë, tot en met Riversdal. Die streek het ook ongeveer 77 aktiewe kleinvee kuddes. Daar het onlangs 'n tweede bulgroei-toetssentrum oopgemaak in die streek.

Elite-dag

Op die 7de Maart 2018 is die Logix Elite boeredag gehou, waar beide melk- en vleisbeeste se top kuddes pryse ontvang het. Daar was ook 'n paar interessante onderwerpe en sprekers. Die dag is begin deur na die president van die Angus Genootskap, Andrew Masterson, se top diere te kyk. Daar was Angus en Simmentalers en ook Jersey en Holsteinbeeste. Daarna het prof. Robin Meeske gepraat oor die belangrikheid van droogte voeding en



SADairyBulls.com. Louis Steyl het gesels oor presisie boerdery by vleisbeeste wat makliker gemaak word deur prestasie meting. Dr Japie van der Westhuizen het oor genomiese ontledings gepraat.

Links: CS Puttergill is die wenner van die Oos-Kaap Elite Melk. Regs: Die wenner van die Oos-Kaap Elite Vleis is J Stirk.



Stampvol saal by Vrystaat Elite Dag, Foto: Gerdus de Klerk

Wes-Vrystaat & Sentraal-Natal: Siebert Vermeulen

Tel: 051 4100 972

E-pos: siebert@studbook.co.za

Siebert Vermeulen is in Bloemfontein gestasioneer en het in Pretoria en Bloemfontein gestudeer. Hy het reeds 36 jaar ondervinding en is 'n kundige op voerdoeltreffendheid van vleisbeeste en skape wat by privaat toetsentrums geëvalueer word.

In hierdie streek is daar 185 vleisbeeskuddes, waarvan 61 gereeld plaasgroeitoetse doen. Daar is ook 3 bulgroeitoetssentrums in die streek, nl. Sernick by Edenville, Roux by Kroonstad en Cronje by Bultfontein. Kontak gerus vir Siebert indien verdere inligting verlang word.

Elite

Die streek het op 21 Februarie 2018 'n lekker Vleisbees inligtingsdag gehad in Bloemfontein te Reyneke park, waar daar 135 nie-telers en 114 telers teenwoordig was.

Links: Dr Japie vd Westhuizen, Phillip en Vicky Barnard (Oos-Vrystaat Elite Vleisbeeswenner), Henri Viljoen (Afgri Veevoer spreker), Desirée en Wilhelmus van der Schyff (Wes Vrystaat wenner).

Vleisbees BLUP kursus

Die jaarlikse volledige Teelwaarde (Blup) kursus gaan gehou word te Bloemfontein, 22 – 24 Mei 2018. Bespreek nou by Elsa as jy of iemand betrokke by jou kudde die kursus wil doen. Meer inligting verskyn agter in die nuusbrieff.





Links: Bul met 'n Haaslip. Middel: Bul met 'n gesplete skrotum. Dit is ongewens. Regs: 'n Bul met besondere lengte van lyf. Hy het 'n baie goeie haarkwaliteit en 'n besondere dik vel (kyk die plooitjies) (Foto's: Sieb Vermeulen)

Vrystaat en Oos-Kaap: **Gerdus de Klerk**

Tel: 072 691 3600

E-Pos: gerdus@studbook.co.za

Gerdus is woonagtig in Jan Kempdorp in die Vaalhartsbesproeiingsskema in die Noord-Kaap. Hy het op 'n plaas grootgeword en gestudeer by SUT (Sentrale Universiteit van Tegnologie) in Bloemfontein, waar hy 'n Nasionale Diploma in Landboubestuur behaal het. Die diploma het weiding, algemene bestuur, landbouingenieurswese, finansies en veekunde gedek. Hy het praktiese ondervinding by die bekende Bonsmara teler, Kit Thompson, gedoen en het ook op verskeie plase in die VSA gewerk. Hy het in 2014 by SA Stamboek aangesluit en het self ook 'n intensiewe skaapboerdery. Hy is in 2017 getroud. Sy passie in die lewe is om dit wat hy doen so effektief moontlik te doen met wat hy tot sy beskikking het. Hy stel veral baie belang in gemengde boerderypraktike, met vee- en besproeiing.

Die streek het grootendeels vleisbeeskuddes, heelwat skaapkuddes, asook enkele wild- en melkkuddes. Gerdus is betrokke by bulgroeitoetse van gemiddeld 2500 bulle waarvan omtrent 30% RTU geskandeer word vir vasstelling van vleiskwaliteit, vetneerlegging en bespiering.

Meeste telers het gemengde boerdery praktike en doen grotendeels hulle groeitoets evaluasies op die veld in die somer. Hierdie groeitoetse sal eersdaags begin afsluit. Die droogte het ook sy tande gewys en het wel 'n impak gemaak op die aantal diere wat in groeitoetse geëvalueer word.





Ons was bevoorreg dat daar in die Vrystaat 3 platinum winners was. Van links na regs: **Hannes Pretorius** – MD Foundation Holstein; **Rampie de Wet**; **Jaco Hendriks** – Inovula Edms Bpk Holsteins; **Dr. Pieter Henning** – Meadow Feeds; **Willie Pretorius** – MD Foundation Jersey.

Vrystaat: Rampie de Wet



Beste Somatiese seltelling (Ayrshire) Hantie Marais van Jawilco Ayrshires

Tel: 051 4100 973

E-pos: rampie@studbook.co.za

Die Vrystaat het nog nie heeltemal herstel van een van die ergste droogtes in dekades, met veral die Sentrale en Westelike gedeeltes wat onder geweldige druk verkeer. Oor die algemeen is die Oostelike Vrystaat baie beter daaraan toe, en lyk die gesaaides belowend. Oor groot gebiede het baie goeie reën voorgekom. Die droogte en die verskaffing van goeie kwaliteit ruvoer het meegebring dat talle suiwelboere groot kostes moes aangaan. Op talle plase het die watervooraad ook problematies geraak en op sommige plase moes water aangery word teen geweldige groot kostes. Weens verskeie redes het daar die afgelope jaar heelwat boere hulle suiwelvertakkings gestaak, wat 'n baie negatiewe invloed het op die algemene ekonomie van die Vrystaat en met toenemende werkverliese. Dit gebeur ook al hoe meer dat totale suiwelkuddes verkoop word aan een suiwelboer en die verskynsel kom nog steeds voor dat daar 'n skerp afname in die aantal suiwelkuddes is, maar dat die oorblywende kuddes al hoe groter raak. Die groter druk op oorblywende suiwelkuddes veroorsaak op sy beurt weer 'n waarneembare verbetering in effektiwiteit van die kuddes. Ons ervaar ook dat



Beste Somatiese seltelling (Holstein) Hannes Pretorius vir MD Foundation

gedurende die minder goeie tye suiwelboere toenemend meer van SA Stamboek se melkbestuursverslae en ander inligting gebruik maak om effektiwiteit van kuddes te verhoog. Ons het ook die afgelope jaar verskeie navrae ontvang van suiwelboere wat hulp / inligting soek oor veral somatiese seltellings en vastestof ontledings, ook van suiwelboere wat nie aan SA Stamboek se Produksieaantekening program deelneem nie. Die groter vraag na vol-vet en goeie gehalte suiwelprodukte het sekerlik die druk op suiwelboere ook verhoog. Ten spyte van die minder gunstige omstandighede, het ons op 5 Oktober 2017 erkenning gegee aan suiwelkuddes wat bogemiddeld presteer het. Baie dankie aan die suiwelboere wat deelneem aan SA Stamboek se Produksie Aantekening Stelsel. Baie dankie aan al die borge wat hierdie geleentheid moontlik gemaak het.

Gauteng, Mpumalanga & KwaZulu-Natal: **Thalia Brameld**

Tel: 071 493 1111

E-pos: thalia@studbook.co.za

Thalia Brameld is in Gauteng gestasioneer. Sy het aan die Universiteit van Pretoria studeer en het 10 jaar ondervinding as adviseur vir melkboere en in melkaantekening. Sy is getroud met twee kinders van 2 en 4 jaar oud.

Thalia is verantwoordelik vir die bemarking en koördinerende van Logix Melk en vir die korrekte vaslegging van data vir bestuursdoeleindes en teelwaardes. Sy interpreteer ook die wetenskaplike bestuursverslae wat gebaseer word op data van die analise van melkmonsters, sodat bestuurspraktyke by die produsent geoptimeer kan word.

Thalia kan gekontak word rakende enige van die volgende:

- Adviesdienste vir Produksie- en Bestuurstelsels
- Diere gedrag - die gedragpatrone van diere en die effek daarvan op hul produksie word geïnterpreteer. Dit sluit in sosiale interaksie, dominansie, hitte-waarneming, stres-opsporing, ens.
- Interpretasie van uiergesondheid en die doeltreffendheid van die melkmasjien en melkstal roetine. Assessering van gedragsveranderinge van suiwer diere tydens melking, melkprosedures en higiëne van melkstal. Assessering van somatiese seltellingvlakke in kombinasie met laktose persentasie in melk om gesondheid en welstand van suiweldiere te bepaal.
- Voedingsbestuursassessering – Thalia werk nou saam met adviserende voer-tegnici in terme van gehalte en hoeveelheid voer en die effek daarvan op diere en produksie. Die bestuur van voedingsruimtes en -praktyke van voer aan melkkoeie om optimale gebruik te verseker, is belangrik. Die produsent word geadviseer oor die voedingsbehoefte van koeie in verskillende stadiums van laktasie om optimale melkproduksie en dieregesondheid te verseker.
- Reproductiewe bestuursassessering in die kudde - Bepaling van kudde-vrugbaarheid en konsepsie, gemiddelde interkalfperiodes en enige voortplantingsafwykings of abnormaliteite. Advisering aan boere oor KI, die sukseskoers van inseminasies, optimale energiebalans en dat melk-ureum-stikstofvlakke voldoende is vir konsepsie in melkkoeie.
- Genetiese vordering van die kudde - Assisteer die produsent in die bepaling van die beste en mees produktiewe genetiese samestelling van die kudde, deur aanbevelings op teelwaardes te maak.

Die fenomenale Hydeaway XF Fiona, wat deur Joyful Jerseys besit word, is hier dragtig met haar 11de kalf. Sy is tans 14 jaar oud en in haar 10de laktasie. Haar gemiddelde tussen-kalfperiode is 387 dae oor al tien laktasies, met gemiddeld 2.2 KI's per kalwing. Sy het ongeveer 45 000 liter in haar leeftyd geproduseer, met 'n bottervet persentasie van meestal 5.5% of hoër. Joyful Jerseys besit twee van haar dogters; Joyful Chili Fiona, (eerste laktasie), en Joyful Joel Fiona, wat amper gereed is vir haar eerste KI.



Noord-Wes & Noord-Kaap: Dolf Cloete

Tel: 082 660 3266

E-Pos: dolf@studbook.co.za

Dolf Cloete is gestasioneer in Vryburg. Hy het gestudeer op Potchefstroom en het reeds 34 jaar ondervinding. Sy kundigheid lê by alle aspekte van Vleisbeeste. In die streek is daar ongeveer 201 vleis beeskuddes, waarvan 44 gereeld plaasgroei-toetse doen. Daar is 2 melkbees kuddes, wat aktief melk aantekeninge doen, asook 171 skaap, 275 Perde, 5 Wild en 62 Honde kuddes in die streek. Perde kudde-groottes wissel van 1 tot 197 diere per kudde.

Die afgelope twee seisoene was baie droog in die streek. Telers moes noodgedwonge kuddes verklein. Die reën het die seisoen laat gekom en alhoewel die grootste deel van die streek mooi groen is, is daar tog dele wat nog min reën gehad het. Die meeste stoet-kuddes kom voor in die mielie-produiserende gedeelte van die streek. Vir hulle het die reën ongelukkig te laat gekom en is heelwat minder mielies aangeplant as gewoonlik. Telers is besig om weer kudde getalle op te bou, wat veroorsaak dat die huidige vleispryse en Stoetvee-veilingspryse baie goed is.

Die beplanning is om hierdie jaar weer in September 'n Teelwaardes kursus aan te bied. Indien u belangstel, kontak asseblief vir Dolf by dolf@studbook.co.za

Interessante gevalle by die afsluiting van groei-toetse

Die bul op die foto regs se hakke is baie regop. So 'n bul moet afgekeur word, omdat regop hakke die bul se dekvermoë nadelig beïnvloed.



Links en Middel: Dubbelbespierrede bulle. Regs: 'n Bul met regop hakke. Foto: (Dolf Cloete).

Weens die omvang van die voorkoms van dubbelbespierung by verskeie rasse in Suid-Afrika, is 'n MSc student, Reinhardt Steyn van die Universiteit van Pretoria met behulp van befondsing van die BGP (Beef Genomic Project) tans besig om die voorkoms van dubbelbespierungsgene in Suid-Afrika met behulp van genomika te ondersoek. Indien daar

telers is wat graag wil deelneem aan die projek, en sterthare van dubbelbespierrede diere of moontlike draers kan bekom, kontak asseblief vir Reinhardt by 0764802505 of u12083284@tuks.co.za (Onderwerp: Dubbelbespierung). Ons sal in verdere uitgawes verslag doen oor die vordering van die projek.

Links: Daar is 4 platinum Elite Vleis wenners in hierdie streek. Die wenner is Lamus Bonsmaras.





Limpopo / Mpumalanga / Gauteng / Gedeelte van Noordwes / Oos Vrystaat / Noord Natal:

Andries Riekert

Tel: 082 465 0671

E-pos: andries@studbook.co.za

Andries Riekert is in Pretoria gestasioneer. Hy het aan die Technikon Pretoria gestudeer en het 13 jaar ondervinding in Produksie aantekeninge. Hy is veral 'n kenner op die gebied van vleisbeeste en sy belangstelling is die verskille tussen en binne rasse.

Daar is ongeveer 524 vleisbeeskuddes in die streek, waarvan sowat 120 kuddes jaarliks plaasgroeitoetse doen. Sowat 3500 jong stoetbulle ondergaan dus gespesialiseerde na-speense groeimetinge om hulle genetiese meriete te bepaal, waarvan ongeveer 500 RTU skanderings vir vleiskwaliteitseienskappe addisioneel gedoen word. Daar is ook 159 skaap-kuddes wat wol en vleis insluit, asook 24 vark-kuddes en 2 melkkuddes. Inspeksie van diere van kleiner rasse soos Charbray, Vleis Korthoring en Hugenoot SA word ook gedoen. Andries is beskikbaar vir enige hulp aan die telers in sy streek waar nodig.

Vleisbeesinligtingsdag

Die Logix Vleisbeesforum Noord Komitee het hulle jaarlikse klub vergadering gehou by die SA Stamboek kantoor te Universiteit van Pretoria, op 6 November 2017. Die Logix Vleisbeesforum Noord het 'n Vleisbees Inligtingsdag, waarop die Elite Produksie aantekening sertifikate oorhandig is, gehou op 20 Maart 2018 in die Standerton omgewing by Syferfontein Bonsmaras (Nico Pieterse).



Links: Die wenner van die Noord streek is Beefmaster Alliance. Regs: Nico Pieterse by sy Bonsmaras

Bufland Privaat Bulstoetssentrum

Aan die begin van 2018 is daar 'n bulstoetssentrum met 12 stasies wat individuele inname meet, geopen in Limpopo (Naboomspruit) by Mnr. Lukas Eksteen van Bufland Bonsmaras. Die eerste bulgroeitoets is tans aan die gang en vorder baie goed. Daar sal van nou af op 'n gereelde basis voerinname toetse plaasvind.

Foto's: Andries Riekert



Veilings



Foto's Andries Riekert

Tussen-i-Berge Bonsmaras het op Vivo hulle 8ste Produksie Veiling gehou op 1 Februarie 2018. Nu-Alcade Bonsmara Groep het op Warmbad hulle 24ste Produksie Veiling gehou op 15 Februarie 2018. Vlakte Bonsmara Studiegroep het op Roedtan hulle 12de Produksie Veiling gehou op 23 Februarie 2018. Die drie veilings is met groot sukses aangebied met kwaliteit diere wat uit die bedryf aangebied is met volledige katalogusse wat in Logix voorberei is.

Genetiese Evaluasies

ICAR (International Committee on Animal Recording) het SA Stamboek geakkrediteer om Genetiese Evaluasies te doen op vleisbeeste, melkbeeste, kleinvee en varke. SA Stamboek is die enigste instansie in Suid-Afrika wat geakkrediteer is om Genetiese Evaluasies te doen. Dit verseker dat ons Genetiese Evaluasies op internasionale standaard is.



CERTIFICATE
OF QUALITY
Exp. 04/2019



	Ras	Koei- kalf EBVs	Groeitoets EBVs	RTU EBVs	GEBVs	Aantal analises/ jaar
1	Afrigus	x				4
2	Angus	x	x	x		12
3	Ankole	x				4
4	Beefmaster	x	x	x	x	12
5	Bonsmara	x	x	x	x	12
6	Boran	x	x	x		4
7	Braunvieh	x	x	x		4
8	Charolais	x	x			12
9	Dexter	x				4
10	Drakensberger	x	x	x		12
11	Gelbvieh	x	x			4
12	Hereford	x	x	x		4
13	Hugenoot	x	x			4
14	Nguni	x	x			4
15	Pinzgauer	x	x			4
16	Pinzyl	x				4
17	Red Poll	x	x			4
18	Romagnola	x	x			4
19	Santa Gertrudis	x	x			4
20	South Devon	x	x			4
21	Senepol	x	x			4
22	Shorthorn	x	x			4
23	Sussex	x	x	x		12
24	Tuli	x	x	x		12

Dr Helena Theron: SA Stamboek het onlangs al die rasse geëvalueer om vas te stel of daar genoeg data is vir addisionele teelwaardes. **Sommige rasse sal nou vir die eerste keer Groeitoets-EBV's ontvang, asook RTU-EBVs vir karkaseienskappe.** Voorheen het slegs Bonsmara-, Drakensberger- en Angus-diere teelwaardes vir RTU-skandering ontvang. Daar is nou 9 rasse met genoeg metings om RTU-EBV's te ontvang. GEBVs (Genomies verrykte EBV's) word tans vir Bonsmara en Beefmaster ingesluit, maar sal ook beraam word vir die ander rasse wat tans by die BGP betrokke is, sodra 'n voldoende aantal diere in die verwysingspopulasies beskikbaar is.

In die meegaande tabel word die verskillende vleisbeesrasse waarvoor teelwaardes beraam word, asook die eienskappe wat ingesluit word in die Logix Genetiese Ontledings, aangedui. Behalwe vir Suid-Afrikaanse Telersgenootskappe sluit baie van hierdie Ontledings ook kuddes en telersgenootskappe van ander lande in Afrika en Suid-Amerika in.

Kleinvee

Dr Bernice Mostert: Die nuwe Logix Genetiese Ontledings vir Kleinvee-rasse wat tans in ontwikkeling is, is reeds uitgerol vir die Boerbok, Dormer, Dorper, Ile de France, Kalahari-Red, Meatmasters, Merino Landskaap, Savannah, Van Rooy en Wit Dorper rasse en word op 'n 2-weeklikse of maandelikse basis (volgens elke ras se behoefte), gedoen. Die Merino en SA Vleismerino rasse se ontwikkelings is in die finale stadium van besprekings en behoort binnekort geïmplementeer te word. Gebruikersvriendelike Genetiese Verslae van die kuddes wat aan die Logix Kleinvee Skema deelneem, is ook ontwikkel wat die volgende inligting insluit :

- Vergelykings tussen kudde en ras vir:
 - Genetiese vlak en status vir die verskillende eienskappe en seleksie indekse
 - Die genetiese verandering oor tyd
 - Tempo van inteling
- Individuele teelwaardes, seleksie-indekse en intelingskoëffisiënte vir ramme en ooie van die kudde, asook vir ramme wat as vaders gebruik was in die kudde
- Assessering van die ramme en ooie wat as vaders en moeders gebruik was in die kudde
- Seleksielyste vir die neem van maklike en ingeligte seleksie-besluite





Die Logix Kleinvee Genetiese Ontleding Skedule vir 2018

Datums vir LOGIX KLEINVEE GENETIESE EVALUASIE: 2018												
	Jan	Feb	Maart	Apr	Mei	Jun	Jul	Aug	Sept	Okt	Nov	Des
Ile de France	08	05	05	02	01	04	02	06	03	01	05	03
Merino Landskaap	08	05	05	02	01	04	02	06	03	01	05	03
Kalahari Reds	08	05	05	02	01	04	02	06	03	01	05	03
Savannah	08	05	05	02	01	04	02	06	03	01	05	03
Meatmaster	08, 22	05, 19	05, 19	02, 16	01, 16	04, 18	02, 16	06, 17	03, 17	01, 17	05, 19	03
Dorper	08, 22	05, 19	05, 19	02, 16	01, 16	04, 18	02, 16	06, 17	03, 17	01, 17	05, 19	03
Wit Dorper	08, 22	05, 19	05, 19	02, 16	01, 16	04, 18	02, 16	06, 17	03, 17	01, 17	05, 19	03
Boerbok	08,22	05, 19	05, 19	02, 16	01, 16	04, 18	02, 16	06, 17	03, 17	01, 17	05, 19	03
Van Rooy	08, 22	05, 19	05, 19	02, 16	01, 16	04, 18	02, 16	06, 17	03, 17	01, 17	05, 19	03
Dormer	08	05	05	02	01	04	02	06	03	01	05	03

Melkbokke

Dr Bernice Mostert: 'n Genetiese Ontleding Stelsel vir voorspelling van teelwaardes vir produksie eienskappe (melk, bottervet en proteïen produksies (kg), bottervet- en proteïen persentasies) en somatiese seltelling is in ontwikkeling vir die Saanen Melkbokras. Hierdie teelwaardes sal ingesluit word in die Genetiese Verslae van telers wat aan Logix Melk deelneem en 'n totale meriete indeks, wat gebaseer sal wees op die teelwaardes van hierdie produksie eienskappe, somatiese seltelling (as indikasie van mastitis weerstandbiedendheid), interlam periode (as indikasie van vrugbaarheid), uier-, bouworm- en hoewe & bene sub-indekse sal saamgestel word met insette vanaf die Genootskap.

Hierdie ontwikkeling sal telers in staat stel om baie meer effektief te kan selekteer vir ekonomies belangrike eienskappe en 'n betekenisvolle toename in genetiese vordering kan in die ras verwag word. Aanvanklike resultate lyk baie belowend. In die onderstaande grafieke word die genetiese tendense vir die Saanen ras aangedui vanuit hierdie voorlopige resultate.



Genomika – DGP

Dr Bernice Mostert: Die *Dairy Genomics Programme* is 'n Suid-Afrikaanse Genomiese Projek wat deur rolspelers van die Suid-Afrikaanse suiwel-industrie aan die *Technology Innovation Agency*, 'n befondsers van die Departement van Wetenskap en Tegnologie, voorgelê is vir die totstandkoming van Genomiese Seleksie van Melkrasse in Suid-Afrika. Hierdie Program het in 2016 afgeskop met die doelwit om genoegsame hoë impak diere (diere met teelwaardes van hoë betroubaarheid) van die Ayrshire, Holstein en Jersey rasse te genotipeer, vir die daarstel van 'n verwysingspopulasie waarmee die genetiese kode geïnterpreteer kan word soos dit uitgedruk word in die Suid-Afrikaanse omgewing en populasies.



In die volgende tabel word die aantal biologiese monsters aan die Bio-Tegnologiese Platform van die LNR oorhandig is vir genotipering en die aantal genotipes wat reeds beskikbaar is vanuit die Program, aangedui per ras.

Ras	Biologiese Monsters Ingehandig	Genotipes Ontvang
Ayrshire	217	101
Holstein	934	439
Jersey	931	523

2018 is die laaste jaar van hierdie Program en daar word 'n beroep gedoen op semen maatskappy om semen strooitjies van KI-bulle wat gebruik is in die Suid-Afrikaanse populasie beskikbaar te stel vir insluiting in die Suid-Afrikaanse Verwysingspopulasie. Graag wil Stamboek dan ook namens die DGP baie dankie sê aan die Ayrshire, Holstein en Jersey

Telergenootskappe en hulle telers vir die entoesiasme en hulp waarmee die biologiese monsters van genomiseerde diere ingesamel word, asook vir Genimex en Taurus Evolution wat 'n groot bydrae lewer om die Program 'n sukses te maak.

Genomika – BGP

Dr Japie van der Westhuizen: Die Beef Genomics Program (BGP) is 'n ambisieuse program om vleisbeesrasse in staat te stel om deel te word van die nuutste metodes om genomiese inligting in te sluit in die genetiese meriete bepaling van potensiële teeldiere. Die partye betrokke is die Technology Innovation Agency (TIA), 'n staatsinstelling wat innoverende programme finansier, die Landbounavorsingsraad (LNR) se “Biotechnology Platform” en Diereproduksie-instituut, ten minste drie Universiteite (UP, UFS & US), rasse wat deel vorm van LRF en rasse wat lid is by Stamboek en die African Centre for Gene Technologies (ACTG). Die totale befondsing oor 'n drie-jaar periode was in die orde van R30 miljoen. Die program het hoofsaaklik bestaan uit 'n navorsingskomponent, wat die opleiding van nagraadse studente insluit, en planne vir elke deelnemende ras ten einde hulle in staat te stel om die tegnologie te gebruik. Die deelnemende Stamboekrasse se planne het gefokus op maniere om geskikte diere se genomiese profiele te bekom ten einde teelwaardes beskikbaar te stel waarvan genomiese inligting deel vorm. Die hooffokus is op vroulike reproduksie, melk (koeidoeltreffendheid), groeidoeltreffendheid, karkas-eienskappe (soos deur RTU bepaal) en lanklewendheid van teeldiere.



Ten tye van die aanvang van die BGP was die metodiek wat algemeen in gebruik was die sogenaamde 2-stap (two-step) metode, wat 'n redelike aantal diere vereis het waarvan genomiese profiele van bekend moet wees om te dien as “verwysingspopulasie”. Die vinnig-veranderende wetenskap-wêreld het egter daartoe gelei dat nuwer metodes ontwikkel is om die akkuraatheid van voorspellings vir die genetiese meriete van teeldiere deur die insluiting van genomiese inligting te verhoog, sonder die noodsaaklike belegging in 'n groot verwysingspopulasie. Stamboek het die geleentheid benut deur internasionale onderhandelings om die nuutste programmatuur te bekom om dadelik 'n diens te kan lewer. Tans is die diens beskikbaar vir Bonsmara en Beefmaster telers. Dit behoort binnekort uit te brei na telers van Drakensbergers, waarna die Hereford, Charolais, Nguni, Boran en Tuli sal volg, dus al die Stamboek-lede wat deelgeneem het aan die eerste rondte van die BGP. Daar is tans 'n aansoek by TIA ingedien vir 'n tweede rondte befondsing. Dit sal meer rasse in staat stel om deel te word van die tegnologie. Planne is ook voorgelê wat dit moontlik kan maak om vleiskwaliteits-eienskappe in te sluit in die program.

Die grootste voordeel, soos genoem, is dat die insluiting van genomiese inligting daartoe lei dat die voorspellings-akkuraatheid van teelwaardes verhoog word. Dit is veral belangrik vir geslagsbeperkende eienskappe, soos vroulike reproduksie en melk. Die risiko verbonde aan die besluit om 'n twee-tot-drie jaar oud bul te selekteer as kudde-vader, word sodoende beperk.

Deelname aan die BGP verg baie tyd en hulpbronne van Stamboek, maar dit word in belang van die Genootskap se lede en telers gedoen. Uiteindelik baat elke vleisbeesprodusent daarby.



Logix Elite-Melk kompetisie

Suretha Francis: SA Stamboek bied 'n omvattende diens aan suiwelboere deur sy Logix Melk-bestuurstelsel. Die diens sluit normale melkaantekeningdienste in, sowel as spesialis-advies in voeding, gesondheid en bestuur van deelnemende kuddes. Genetiese evaluasies vir seleksie en teling is by die diens ingesluit. Hierdie diens verseker die beskikbaarheid van data wat op 'n vergelykbare basis gebruik kan word om die winsgewendheid van suiwelboere te verhoog.

Natuurlik wil 'n mens erkenning gee aan produsente wat hulle kuddes op hierdie wyse bestuur en aan die program deelneem. Hierdie produsente laat SA Stamboek immers toe om, op 'n vergelykbare basis, melkkuddes in rangorde van ekonomies belangrike metings te plaas en 'n volledige rekord van melkproduksie by te hou.

Die doel van die Logix Elite Suivelboer toekennings is om erkenning te gee aan al die deelnemers. Die kompetisie word gebaseer op die melkaantekeninge syfers en ook die toepassing van gesonde telingsbeginsels. Daar word ook gepoog om telers en kuddes bekend te stel aan die bedryf. Die geleentheid word ook geskep vir bedryfs rolspelers om kontak te maak met die deelnemers.

Hoe dit werk

Kuddes wat deelneem aan SA Stamboek Logix Melk kom outomaties vir deelname in aanmerking. Suivelboere word in rangorde op Nasionale vlak geplaas, op grond van bewese prestasie oor 'n 12-maande tydperk (1 Mei tot 30 April). Daar word prysuitdelings geleenthede in al die streke gehou. Dit sluit die volgende streke in: Noord (Noordwes, Gauteng, Limpopo, Mpumalanga), Vrystaat, KwaZulu Natal, Oos-Kaap en Wes-Kaap. Die 2017 toekenningsgeleenthede was deur die top melkboere en bedryfsleiers bygewoon en was 'n reuse sukses. Die geleenthede het plaasgevind soos volg: Die Noord streek het 'n inligtingsdag gehad op die EDE Farming plaas. Vrystaat Elite is gehou by Reynecke Park in Bloemfontein. KwaZulu Natal het 'n inligtingsdag gehou op Kevin Lang se plaas, terwyl die Wes-Kaap geleentheid gehou is tydens die Livestock Expo by Sandringham. Oos-Kaap se Elite geleentheid was aangebied op Andrew Masterson se plaas.

EIENSKAP	MAKS PUNT	PROPORSIONEEL	RELATIEF
Produksie *	45	26.5	MAKS = 81/100
Reproduksie *	45	26.5	
Laktasielengte	10	5.9	
Somatiese Seltelling	15	8.8	
% Geboortes aangemeld	15	8.8	
% In Laktasie : Droog	10	5.9	
Kuddegrootte	15	8.8	
Aantal toetse per jaar	15	8.8	
Totaal Logix Melk & Fenotipe	170	100	
Kudde GENETIESE vlak *	MAKS = 75/100		

Top 7 kuddes –ELITE Goud, Nasionale finaliste vir Platinum

Volgende 11 kuddes – ELITE Goud

Volgende 31 kuddes - ELITE Silwer

Volgende 28 kuddes - ELITE Brons

Die Nasionale wenner van 2017 sal aangekondig word tydens die Nasionale Elite byeenkoms in Bloemfontein vir alle spesies, op die 30ste April 2018. Die top 7 kuddes verteenwoordig die Suivel Elite kuddes tydens die geleentheid. Daar word 'n Nasionale wenner sowel as die Beste Genetiese kudde tydens die geleentheid aangewys.

*Gemeet as standaard-afwykingseenhede

Logix: Inleiding

Herman Labuschagne: Logix is die akroniem vir *Livestock Operational and Genetic Information Exchange*. Dis 'n stelsel waardeur gebruikers toegang kan verkry tot sekere data en inligting van diere wat op die stelsel aangeteken is. Die sukses van diereproduksie en diereteelt kan verhoog word indien telers toepaslike inligting kan aanwend om meer doeltreffende en ingeligte besluite te neem oor hul produksie-prosesse. Logix is 'n stelsel wat telers en produsente direkte toegang bied tot die jongste teelt- en produksie-inligting van hul kuddes, soos aangeteken op die stelsel. Die stelsel werk op 'n aanlyn basis; sodra 'n geboorte of meting dus op die Logix-stelsel aangeteken is, word dit dadelik na verwerking in berekening gebring by die opstel van nuwe verslae. Die stelsel is tweetalig en kan dus in Afrikaans en Engels gebruik word. Die gebruik is verder gratis behalwe in die geval waar Veilingskatalogusse opgestel word. Logix maak voorsiening vir alle spesies van vleis-, melkbees, kleinvee, perde, wild en selfs honde.

In die komende Nuusbriewe sal gepoog word om elke keer 'n verdere deel van Logix te verduidelik om sodoende 'n Handleiding saam te stel wat die gebruiker kan byhou vir verwysing.

Toegang

Logix het 'n uitgebreide data-sekerheidstelsel wat verseker dat elke gebruiker slegs toegang het tot sy of haar eie kudde deur 'n individuele gebruikersnaam en wagwoord. Telers Genootskappe kan self op 'n Algemene Jaarvergadering besluit om die ras oop te stel op verskillende vlakke. Hierdie vlakke wissel van dat 'n gebruiker net sy of haar eie kudde se data kan sien tot waar die data oop is vir publieke toegang. Gebruikers buite die stelsel kan toegang verkry tot hierdie data deur gebruik te maak van die stelsel as gas. Die gebruikersnaam daarvoor is *Guest* en die wagwoord, *logix*. Nuwe gebruikers kan inteken deur te gaan na www.logix.org.za en te klik op *Registreer as nuwe gebruiker*. Voltooi die aansoekvorm en klik op *Stuur*. Na validasie sal 'n gebruikersnaam en wagwoord per epos aan die gebruiker gestuur word.

Funksies

Kortpaaie

Die eerste keuse-knoppe op die Logix funksie-lys is die Kortpaaie hofie. Gebruikers wat nie Logix gereeld gebruik nie vergeet soms waar om vir 'n spesifieke funksie te soek. Die Kortpaaie hofie help die gebruiker om maklik en vinnig by die gewildste funksies uit te kom. Die ander handige funksie is die Soek Funksie waardeur die gebruiker 'n spesifieke keuse vinnig kan opspoor. As byvoorbeeld die woord *Inteling* ingetik word, sal al die funksies wat die woord bevat, gelys word en kan die regte een gekies word.

Verslae

Logix is nie net 'n toegangspoort na die jongste data op stelsel nie, maar gee toegang tot uitgebreide tersaaklike verslae wat telers dadelik kan gebruik om geneties meerderwaardige diere te identifiseer en sodoende vordering te maak. Die verslae is opgedeel in die volgende afdelings vir maklike navigasie.

Administratiewe-, stamboom-, reproduksie-, teelwaarde verslae, sertifikate en inventarisse. Onder elk van hierdie hofies is verskeie verslae vanaf alledaagse verslae tot die alom gewilde Genetiese Analise van die kudde. Hierdie Genetiese verslae word van twee weekliks to kwartaaliks opgegradeer met die jongste inligting sodat die verslag relevant is en gebruik kan word vir seleksie. Na elke analise ontvang die teler ook 'n epos met 'n skakel daarin waarop die teler klik om die verslag op sy rekenaar af te laai.

Data onttrekking

Data kan onttrek word vanaf Logix vir plaassagteware en van die programmatuur het selfs 'n ingeboude direkte funksie waardeur die Logix outomaties data op plaas-programmatuur kan aanvul. Data kan ook in 'n formaat onttrek word

wat in Excel oopgemaak kan word (.csv lêer), sodat die teler self daarmee kan werk. Telers met plaassagteware moet besef dat Logix as 'n rugsteun databasis beskou moet word. Dit het al herhaalde kere gebeur dat telers wie se rekenaars onklaar geraak het of gesteel is, se data alles herwin kon word vanaf Logix om hulle plaasprogram weer op te kon stel.

Inteling berekening

Logix besit 'n baie handige funksie om inteling te bereken wanneer parings beplan word. Die teler kies diere wat hy moontlik wil paar. Die intelingskoëffisiënte van die gevolglike nageslag word dan uitgewerk. Meer as een bul kan aangewys word vir 'n spesifieke groep koeie en 'n verslag word gegenereer vir die beste keuse van bul vir die spesifieke koei se paring. Hierdie funksie is veral handig wanneer 'n ras se genepoel nog relatief klein is. (Sien volgende artikel vir meer detail).

SA Dairy- & SABeefbulls.com

Uit die hoof Logix skerm kan genavigeer word na ander funksies, soos SADairy- en SABeefbulls, asook die Perde Skouprogram. Telers kan sonder om hulle eie gebruikersnaam en wagwoord bekend te maak 'n ander gebruiker toegang gee tot sy eie kudde se data en funksies op Logix. So kan 'n konsultant, veearts, Buro of plaasbestuurder sy eie gebruikersnaam en wagwoord gebruik om op met sy kliënte se data te kan werk.

Dataopname

Data en verslae kan nie net onttrek word van Logix af nie, maar data kan ook opgeneem word. Die funksie wat baie gebruik word, is die opneem van geboortes, wat die basis is om 'n dier op stelsel te kry. Ander transaksies soos elektroniese kansellaries, oordragte en selfs dekdata kan met gemak aangeteken word op Logix. 'n Elektroniese inventaris maak dit maklik en baie effektief wanneer die inventaris opgedateer moet word. Die teler kan nou self met die elektroniese oordragte diere oordra na lede en nie-lede. Sommige rasse verkies reeds dat sertifikate nie meer op papier uitgepos word nie, maar dat dit wel elektronies afgelaai en gestuur kan word. Dit maak die stelsel baie gemaklik en doeltreffend.

Kommunikasie en Katalogusse

Onder die Kommunikasie hofie word nuus en handige artikels gestoor. Die Katalogusse hofie is baie gewild en enige veiling waarvan die katalogus gefinaliseer is, sal per ras daar verskyn. Enige belangstellende, al is hy nie 'n SA Stamboek teler nie, kan toegang verkry tot die katalogus en dit aflaai op sy eie rekenaar. Dit maak die huiswerk voor 'n veiling baie makliker.

In die volgende nuusbrieff sal die opkyk van inligting breedvoerig bespreek word.



Logix se Verwagte Inteling Berekening

Dr Bernice Mostert: Inteling, die paring van diere wat verwant is aan mekaar, kan tot gevolg hê dat ongewenste nadelige (resessiewe) gene van die populasie in die nageslag kombineer omdat die vader en moeder verwant is en albei dus die geen vanaf 'n gemeenskaplike voorouer kon ontvang het. In populasies wat hoog ingeteel is, is die waarskynlikheid dat diere met genetiese afwykings gebore word, dus baie groter as in populasies wat minder ingeteel is. Verder laat inteling produktiwiteit, lewenskragtigheid en vrugbaarheid geleidelik afneem omdat die voordelige interaksies tussen verskillende vorms van dieselfde geen, verlore gaan – dit staan bekend as intelingsverval.

Inteling wat oor baie generasies plaasvind verminder geleidelik die aantal voorouers wat in die populasie verteenwoordig is. Dit lei daartoe dat genetiese diversiteit (variasie) in die populasie verminder. Sommige waardevolle gene kan hierdeur verlore gaan, terwyl nadelige gene gefikseer (vasgelê) word. Dit kan aanleiding daartoe gee dat telers se vermoë om genetiese vordering in produksie eienskappe te maak, beperk word of dat telers hulle seleksiedoelwitte moet verander, omdat meer klem gelê moet word op byvoorbeeld vrugbaarheid en lewenskragtigheid om die oorlewing van die ras te verseker.

Toekenning van manlike diere aan vroulike diere, gerangskik vanaf minimum to maksimum inteling wat in die verwagte nageslag sal plaasvind, vanuit Logix se nuwe Intelingsfunksie.

MOEDER REKORD	MOER ID	MOER NAAM	KEUSE 1	KEUSE 2	KEUSE 3
4789234	ABCD 30634	CHARMING JOHANNA	DALTON 80308869 6.60%	EASEL 69276103 7.73%	JAMBOOL 75639187 7.94%
4832345	ABCD 40662	RENELLA CHOCs	JAMBOOL 75639187 6.09%	RASP 73646705 6.96%	DALTON 80308869 8.34%
4837123	ABCD 40663	PURE GEMPY	JAMBOOL 75639187 6.39%	RASP 73646705 7.35%	DALTON 80308869 8.89%

‘n Funksie is op Logix geskep waarmee parings van gekose manlike en vroulike diere gemaak kan word om die gevolglike inteling daarvan te bepaal. Manlike diere word toegeken aan die vroulike diere op so ‘n wyse dat die minimum inteling in die volgende generasie sal plaasvind. ‘n Paar interessante verslae word tot die beskikking van die teler gestel. Dis is die volgende :

- **Verwagte Intelingslys** : Die verwagte inteling van die nageslag word gewys vir elke vroulike dier met al die gekose manlike diere, gerangskik per moeder.
- **Verwagte Intelingstabel** : Die verwagte inteling van die nageslag vir elke vader x moeder kombinasie word gelys, gerangskik per vader.
- **Beste Parings** : In hierdie verslag word die paringskombinasies gewys, gerangskik vanaf die paring wat die minste tot die meeste inteling veroorsaak, vir elke vroulike dier.
- **Vader Opsomming** : ‘n Opsomming word gegee ten opsigte van die hoeveelheid en persentasie kere wat elke gekose manlike dier toegeken is vanaf beste tot die swakste paringskombinasie vir die moontlike parings.

Logix se Intelingsfunksie sal ‘n beduidende rol speel in die bestuur en beperking van inteling vir telers wat van SA Stamboek se dienste gebruik maak.

Teken in op Logix en gaan na Kortpaaie ->Verwagte Inteling Berekening

Moeilike Kalwings

Dr Helena Theron: Die meeste koeie kalf sonder moeite en toesig gedurende die kalfseisoen en dit is ook soos dit behoort te wees. Die geboorteproses bestaan normaalweg uit 3 stadiums: aanvang en voorbereiding vir die geboorte wat tussen 4-24 uur duur, die deurgang van die kalf deur die geboortekanaal, wat tussen 30 minute en 3 ure duur en die uitstoot van die plasenta wat tussen 12 en 24 ure kan duur. As die geboorteproses langer neem, kan dit 'n aanduiding wees van geboorte probleme, ook bekend as distokie. Vroegtydige hulp met kalwing, indien nodig, sal die nagevolge van die moeilike geboortes verminder. As 'n duim-reël behoort koeie gehelp te word as hulle nie binne 2 ure vanaf die tyd wat die watersak verskyn het, kalf nie, of indien meer as 30 minute verloop sonder enige vordering.

Te veel moeilike geboortes in ‘n kudde het 'n finansiële implikasie, aangesien distokie koei- en kalfverliese kan veroorsaak. Koeie wat moeilik gekalf het, neem langer om weer op hitte te kom en kan langer vat om weer dragtig te raak. Sommige studies het ook aangedui dat koeie wat voorheen moeilik gekalf het, meer geneig sal wees om ook met verdere kalwings moeiliker te kalf. Alhoewel daar talle onbekende faktore is wat kalwingsprobleme beïnvloed, kan die voorkoms van distokie in 'n kudde verlaag word deur sekere bestuurspraktyke toe te pas.

Faktore wat distokie beïnvloed

1. Kalf se geboortegewig: Volgens verskeie studies is die geboortegewig van die kalf die enkele eienskap wat die hoogste met kalwingsprobleme korreleer. Moeilike kalwing word gewoonlik veroorsaak deur 'n disproporsie van die kalfgrootte relatief tot die koeigrootte.

2. Ouderdom van die koei: Twee jaar oud, eerste kalf verse het die hoogste waarskynlikheid vir moeilike kalwings, hoofsaaklik omdat hulle klein is en ‘n onderontwikkelde bekken het. Studies wys dat twee-jariges drie tot vier keer meer as drie-jariges, en drie-jariges dubbel so moeilik as vier-jariges, kalf. Teen die tyd dat 'n koei 4 tot 5 jaar ouderdom bereik, is die kans op distokie gewoonlik minimaal.

3. **Voeding en kondisie van die koei:** Koeie moet 'n optimale kondisie-telling van 3 tot 4 hê vir maklike kalwing. Te hoë kondisie-telling koeie het 'n hoër risiko van distokie en metaboliese afwykings tydens vroeë laktasie, as gevolg van vetneerlegging in die geboorte-kanaal. Te lae kondisie-telling verse daarenteen kan weer te swak wees tydens kalwing, wat swak en moeilike kalwing, swak kalwers, probleme om weer dragtig te raak en meer vrektes veroorsaak. Daar word aanbeveel dat verse tydens die eerste kalwing ten minste 85% van hul verwagte volwasse gewig moet bereik. Min is bekend oor die effek van voeding tydens vroeë en middel dragtigheid, maar om koeie in die laaste tri-mester te oorvoed, is riskant, aangesien dit die geboortegewig van die kalf mag verhoog.

4. **Pelvis grootte:** Een van die belangrikste oorsake van distokie is 'n wanverhouding tussen die grootte van die kalf en die bekken opening van die koei, veral by verse. Seleksie vir 'n groter bekkenoppervlakte sonder enige beperking op liggaamsgrootte kan moontlik 'n parallelle toename in geboortegewig en volwasse grootte en min verandering in kalfgemak tot gevolg hê. Pelvis grootte word as 'n drempel eienskap beskou en telers kan verse met 'n te smal bekkenwydte (eerder as 'n te klein bekken area) uitskot.

5. **Koei grootte:** Kleiner verse het 'n hoër voorkoms van distokie as groter verse, maar die korrelasie is laag (-.01 tot .20). Die verhouding van kalfgeboortegewig tot koeigewig is belangriker.

6. **Die kalf se bouwvorm** speel waarskynlik 'n rol, maar dit is baie moeilik om te kwantifiseer.

7. **Ras: Ras van moeder:** Zebu en Sanga-koeie se kalwers is geneig tot laer geboortegewigte en dus minder distokie in vergelyking met Europese ras koeie. Daar is bevind dat kalfgroei gedurende die laaste 20% van dragtigheid drasties minder is in Brahman as in Europese raskoeie. Hierdie verskille is waarskynlik te wyte aan verskille in baarmoeder bloedvloei en funksie van weefsels. **Vader ras** is belangrik in kruisteling, veral as dit 'n toename in geboortegewig veroorsaak.

8. **Baarmoeder omgewing:** Navorsing het ook getoon dat die groeitempo van koeie se ongebore kalwers baie verskil. Dit kan gemeet word en daar kan daarvoor geselekteer word met die Geboorte Maternaal Teelwaarde.

9. **Abnormale presentasie** van die kalf het in een studie 22% van die dystokie en 4% van alle geboortes uitgemaak. **Tweelinge** is ook geneig om probleme te hê, hoofsaaklik omdat hulle verkeerd lê.

10. **Faktore met 'n klein effek:** . **Geslag van die kalf:** Bulkalwers is meer geneig tot moeiliker geboortes, bloot omdat hulle groter en swaarder is as verskalwers. **Dragtigheidslengte** is nie hoog gekorreleer met distokie nie, maar speel wel 'n rol aangesien langer dragtigheid 'n hoër geboortegewig veroorsaak, wat weer die risiko vir distokie verhoog. **Omgewing** - Geografiese streek, geboorte seisoen en temperatuur kan almal die geboortegewig van die kalf beïnvloed, wat weer die moontlikheid van distokie beïnvloed. Geografiese streekverskille kan waarskynlik toegeskryf word aan verskille in voeding en temperatuur. Kalwers wat in die herfs gebore word, is gewoonlik ligter en word dus makliker gebore as kalwers wat in die lente gebore word. Hoë omgewingstemperatuur verlaag geboorte gewig, terwyl lae omgewingstemperatuur verband hou met swaarder geboortegewigte en verhoogde kalfprobleme. Al hierdie effekte speel egter nie 'n groot rol nie.

11. **Ander onbekende faktore:** Navorsing oor kalwingsprobleme toon dat net 50% van die totale variasie in distokie verklaar kan word deur faktore wat gedefinieer of gemeet kan word. Die rede vir 'n moeilike kalwing kan dus nie altyd vasgestel word nie, en dit is dus moeilik om kalwingprobleme heeltemal uit te skakel.

Wat die teler kan doen

Alhoewel moeilike kalwing nie heeltemal uitgeskakel kan word nie, kan telers wel die geboortegewig van die kalf en die ouderdom en kondisie van die koei beheer om die risiko van distokie te verminder. 'n Kombinasie van verse wat eers op drie jaar of slegs groter verse op twee jaar te laat kalf, en die seleksie van bulle wat lae geboortegewig kalwers teel, kan distokie aansienlik verminder. Telers behoort bulle met lae geboortegewig EBVs en gemiddelde speengewig EBVs te selekteer vir gebruik op verse. EBVs vir Geboorte Maternaal dui die gemak waarmee 'n bul se dogters sal kalf, aan.

Verwysings

Herring, W., 2014. Calving Difficulty in Beef Cattle, *University of Missouri Extension* 2014.

Mekonnen, M and Moges, N., 2016., A Review on Distocia in Cows. *European Journal of Biological Sciences* 8 (3): 91-100, 2016

Ritchie, H. Peter T. Anderson, Calving Difficulty in Beef Cattle: Part 1 in: Beef Cattle Handbook. *Michigan State University, University of Minnesota*

Schoeman , S.J., 1989. Recent research into the production potential of indigenous cattle with special reference to the Sanga. *S.Afr. J Anim.Sci.* 19 (2), 55.

Statham, J., Distocia Management. <https://www.msdivetmanual.com/>

Kursusse en Byeenkomste

Elite Bulgroeitoetsklas



Vleissentraal & SA Stamboek nooi u hartlik uit na die
ELITE BULGROEITOETSKLAS
Vleissentraal & SA Stud Book cordially invites you to the
ELITE BULL GROWTH TEST CLASS

30 April 2018
Hoofbeesring, Bloemskouterrein, Bloemfontein
Main Cattle Ring, Bloem Show Grounds, Bloemfontein

14h30	Aankoms van gaste	14h30	Arrival of guests
14h50	Aantree van Elite Bulgroeitoetsklas-Bulle	14h50	Line-up Elite Bull Growth Test Class Bulls
15h00	Verwelkoming: Len Davies – (President: Bloemskou)	15h00	Welcoming: Len Davies – (President: Bloem Show)
15h05	Oorhandiging van skildery: Wenner 2017 Anton Vos (Besturende Direkteur: Vleissentraal)	15h05	Presentation of painting: Winner 2017 Anton Vos (Managing Director: Vleissentraal)
15h10	Bekendstelling Beoordelaars 2018 Dr Japie van der Westhuizen (Waarnemende Hoofbestuurder: SA Stamboek)	15h10	Introduction Judges 2018 Dr Japie van der Westhuizen (Acting General Manager: SA Stud Book)
15h15	Bekendstelling van bulle Freddie Wasserfall (President: SA Stamboek) Beoordeling & Opmerkings Willie de Jager, Carel Nel, Llewellyn Angus Aanwysing van top 5 plasing Aanwysing van finaliste vir finale plasing Aankondiging van Wenner, Oorhandiging van Wisseltrofee & Wenroset Anton Vos (Vleissentraal) & Dr Japie vd Westhuizen (SA Stamboek) Oorhandiging van Kontantprys: Touleier van Wenbul Anton Vos (Vleissentraal) Fotosessie: Wenbul & Eienaar Alle buleienaars	15h15	Introduction of bulls Freddie Wasserfall (President: SA Stud Book) Judging & Remarks Willie de Jager, Carel Nel, Llewellyn Angus Announcement of top 5 placements Accouncement of finalists for final placement Announcement of Winner, Presentation of Floating Trophy & Winning Rosette Anton Vos (Vleissentraal) & Dr Japie vd Westhuizen (SA Stud Book) Presentation of Cash Prize: Handler of Winning Bull Anton Vos (Vleissentraal) Photo Session: Winning Bull & Owner All bull owners



Vir inligting / For information:
SA Stamboek / Stud Book: Sherri van Zyl / 051 410 0995 / sherri@studbook.co.za
Vleissentraal: Marinda van der Merwe 072 272 6555 / marinda@vleissentraal.co.za

Vleisbeestelingskursus

22 – 24 Mei 2018 in Bloemfontein

Ons nooi alle belangstellendes vriendelik uit na ons Vleisbeestelingskursus. Die kursus is informeel en prakties georiënteer en dek alle aspekte van moderne vleisbeesteling. Aanbieding is in Afrikaans. Handleidings is in Afrikaans of Engels beskikbaar.

Aanbieders:

Dr Japie van der Westhuizen, Helena Theron en Siebert Vermeulen van SA Stamboek.

Waar:

Raadsaal,
SA Stamboek gebou,
Henrystraat 118,
Bloemfontein
(GPS: S 29° 06.74 E 26° 12.45).

Koste:

R1950 (BTW uit) of R2223 (BTW in)

Ingesluit: 'n Handleiding (Afrikaans of Engels), Middag-etes en 'n Sertifikaat.

Die aantal persone word beperk tot 25, voorkeur sal dus gegee word aan persone wat reeds betaal het. Indien te min persone registreer, kan kursus gekanselleer word. Geen terugbetalings na 18 Mei 2018.

Vir meer inligting en bespreking:

Kontak asseblief vir Elsa v d Bergh

Tel: 051 410 0900

Epos: elsa@studbook.co.za

Bankbesonderhede:

Naam van Rekening: SA Stamboek &

Diereverbeteringsvereniging

Bank: Standard Bank van SA

Rek nommer: 041191358

Takkode: 055534

Tak : Brandwag

Verwysing: BLUP1 en Lidnr of Naam.

Stuur asseblief bewys van betaling aan Elsa.

Program

Dag 1:

8-9vm: Registrasie

9-1nm: **Genetiese beginsels:**

Gene, DNA, oorerwing van eienskappe en genomiese seleksie

2-4nm: **Beginnels van BLUP:**

Kontemporêre groepe, stambome, teelwaardes en seleksie-waardes

Dag 2:

9-1nm: **Seleksie doelwitte:**


Wat is belangrik en hoekom?

2-4nm: **Inligting:** Logix, Genetiese verslae, veilingskatalogusse, SABeeffulls.com, Paringsprogramme.

4nm: Sertifikaat-oorhandiging

Dag 3:

Praktiese oefening by 'n kudde: Die gebruik van teelwaardes by die paring van diere.



LOGIX
BEEF CATTLE / VLEISBEESTE

Genetiese Dag, Royal Skou

DOES THE WORDS 'GENETICS / ANIMAL BREEDING' OVERWHELM OR CONFUSE YOU?

COME JOIN SA STUD BOOK FOR A BACK TO BASICS ON THIS TOPIC

TUESDAY 29 MAY 2018

VENUE: JERSEY CLUB HOUSE, ROYAL SHOW GROUNDS, PMB

8.00 – 10.00 BEEF CATTLE (Helena Theron)

11.00 – 13.00 DAIRY CATTLE (Thalia Brameld)

LOGIX In depth theory discussion
Registration: R100

RSVP before Friday 25 May 2018

Thalia Brameld 071 493 1111 thalia@studbook.co.za

EDE Suiweldag:



Alfa 2018




Stamboek is op 'n groot skaal betrokke by Alfa Expo 2018 wat op 18 – 20 September 2018 by die Afridome in Parys gehou sal word.

Die jaarlikse **SA Stamboek Voermol Telingsimposium** vind die oggend van 18 September plaas en die ELITE prysuitdeling vir die Vrystaat en Noordelike Provinsies se Vleisbeestelers volg na middagete. Die heel eerste ELITE prysuitdelingsgeleentheid vir Kleinveetelers word beplan en sal as ontbytgeleentheid plaasvind op 19 September. Hierdie ELITE prysuitdelings vind dan vir die eerste keer tydens Alfa Expo plaas.

Sonder om die aap te vroeg uit die mou te laat kan op die stadium laat weet word dat dit moontlikheid groot is om drie buitelandse sprekers deel te maak van die Simposium en ander geleenthede tydens Alfa 2018.

Planne is ook aan die gang om 'n duplikaat-telingsimposium op Vrydag 20 September 2018 in die Wes-Kaap aan te bied. Die beplanning is om dieselfde buitelandse sprekers daar te laat optree.

Twee opwindende nuwe geleenthede vind ook tydens Alfa Expo plaas, naamlik erkenning vir die top verse en top jong ramme. Stamboek, in samwerking met die organiseerders van Alfa Expo 2018, identifiseer die geneties meerderwaardige jong rammetjies in elke kleinveeras (op grond van die logix Meriete Indeks) waaruit die betrokke telersgenootskap drie ramme moet kies om ten toon te stel tydens Alfa Expo 2018. Die ramme word dan ook op funksionele voorkoms gepunt en die genetiese meriete en funksionele punte word gekombineer om die wenner per ras aan te wys. Dieselfde vind plaas met die verering van die mees gesogte vers, per ras. Hier word die koeiwaarde (waar beskikbaar) gebruik in die aanvanklike keuse van verse. In beide gevalle word diere nie oor rasse vergelyk nie.



Internet skakels

Die skakel na 'n opname wat op 26 Maart 2018 op RSG uitgesaai was en handel oor Dr Japie vd Westhuizen se onlangse besoek aan Auckland vir die ICAR en Interbull byeenkomste.

<https://agriorbit.com/nuwe-ontwikkelings-in-diere-aantekening/>

Grootplaas uitsending waar Dr Bobbie v/d Westhuizen gepraat het oor die paringsprogram op SABeefBulls.com

<https://agriorbit.com/n-platform-vir-optimale-seleksie/>

TV uitsending opname van Dr Japie van der Westhuizen op Grootplaas, 26 Februarie 2018 gebeeldsend is. Hy het hoofsaaklik oor die onlangse ICAR en Interbull byeenkomste in Auckland gepraat en Stamboek se betrokkenheid daarby.

<https://agriorbit.com/boere-en-die-kredietwet/>

Opname van Dr Bobbie van der Westhuizen se onderhoud wat op 29 Januarie 2018 gebeeldsend is.

<https://agriorbit.com/tv-genomiese-seleksie-vir-beter-vee/>

Radio-onderhoud met Bobbie oor Stamboek se dienste aan die Kleinveebedryf.

<https://agriorbit.com/radio-sa-stamboek-se-dienste/>

Webtuiste

www.sastudbook.co.za

www.SABeefBulls.com

www.SADairyBulls.com

www.Logix.org.za

Facebook

<https://www.facebook.com/SAstudbook/>

Twitter

@SAstudbook

<https://twitter.com/SAstudbook>